**Bepalings en Voorwaardes vir TomTom-inhouddienste**
**van**
**TomTom International Ing.**
**Rembrandtplein 35, 1017 CT Amsterdam, Nederland**
**("TomTom")**

## 1) Omskrywings

| | |
|---|---|
| **Lisensie** | Lisensie tot die TomTom-inhoud en TomTom-knoppie soos in Afdeling 3 in meer besonderhede omskryf |
| **Verander** | kopieer, bywerk, opgradeer, toevoeg, namaak en berei afgeleide afskrifte voor van |
| **TomTom-knoppie** | beteken 'n TomTom-inhouddiens wat aan u die voeg-by-TomTom-knoppie voorsien of enige ander programmatuurgereedskap wat u toelaat om Gebruikersontwikkelde Inhoud te skep en dit na u webwerf op te laai en aan gebruikers aan te bied vir gemaklike installering met 'n TomTom-toestel |
| **TomTom-inhoud** | enige inligting, teks, lêers, skripte, grafika, foto's, klanke, musiek, videos, interaktiewe funksies of ander soortgelyke materiaal ontwikkel deur TomTom of sy verskaffers. |
| **TomTom-inhouddiens** | enige TomTom-inhouddiens wat aan u beskikbaar gestel word vanaf of via 'n TomTom-webwerf, TomTom-TUISTE, TomTom-toestel, of enige ander TomTom toepassing |
| **Oplaai** | oplaai, pos, indien, of saamdeel |
| **Gebruik** | gebruik, aflaai of word voorsien van |
| **Gebruikersontwikkelde Inhoud** | enige navigasie-inhoud, inligting, teks, lêers, skripte, grafika, foto's, klanke, musiek, videos, interaktiewe funksies of ander soortgelyke materiaal deur u of deur ander gebruikers van TomTom-inhouddienste ontwikkel |

## 2) Omvang

a) Hierdie Bepalings en Voorwaardes sal van toepassing wees op die gebruik van TomTom-inhouddienste waarvolgens u i) Enige TomTom-inhoud mag gebruik of wat ii) u mag toelaat om enige Gebruikersontwikkelde Inhoud Op te laai, te Verander of te Gebruik of iii) waarvolgens u toegang mag kry tot enige derdeparty-funksionaliteite of iv) wat u toelaat om enige Gebruikersontwikkelde Inhoud op u webwerf aan te bied.

b) TomTom behou die reg voor om te eniger tyd wysigings of toevoegings aan hierdie Terme en Voorwaardes te maak. Die gebruik van enige programmatuur hieronder mag onderdanig wees aan bykomende bepalings en voorwaardes.

c) Deur 'n TomTom-inhouddiens te gebruik, aanvaar u en is u verbind aan al die Bepalings en Voorwaardes wat hierna verwys word en enige wysigings en toevoegings daarvan.

## 3) Lisensie vir die TomTom-inhoud en TomTom-knoppie

a) TomTom staan hiermee aan u 'n Lisensie toe om die TomTom-inhoud en TomTom-knoppie, as daar is, in ooreenstemming met hierdie Bepalings en Voorwaardes vir persoonlike en privaatgebruik alleenlik te Gebruik. U is nie daarop geregtig om die TomTom-inhoud te Verander nie.

b) U mag die TomTom-inhoud te eniger tyd op slegs een rekenaar of toestel en in kombinasie met slegs een navigasiestelsel gebruik. U mag nie die TomTom-inhoud direk

of indirek aan andere verskaf nie, nóg vir hulle nóg vir enigiemand anders se gebruik.

c) Hierdie Lisensie is nie-uitsluitend en nie-oordraagbaar, wat beteken dat TomTom die reg het om die TomTom-inhoud en TomTom-knoppie aan ander gebruikers te lisensieer en dat u reg om die TomTom-inhoud en TomTom-knoppie te gebruik, nie deur u aan iemand anders oorgedra kan word nie.

d) Hierdie Lisensie sluit nie enige reg in om toekomstige opgraderings, bywerkings of toevoegsels, of enige ondersteuning of tegniese bystand wat met die TomTom-inhoud of die TomTom-knoppie verband hou, te verkry nie. As opgraderings, bywerkings of toevoegsels van die TomTom-inhoud of die TomTom-knoppie verkry is, sal die gebruik van sulke opgraderings, bywerkings of toevoegsels deur hierdie Bepalings en Voorwaardes beheer word, of sulke verdere bepalings en voorwaardes soos u versoek sal word om te aanvaar voordat TomTom die toepaslike opgradering, bywerking of byvoegsel aan u sal voorsien. TomTom behou die reg voor om, met of sonder kennisgewing, die TomTom-inhoud, TomTom-knoppie en enige opgradering, bywerking of toevoeging te beëindig, te beperk of te verander.

e) Sonder benadeling van enige ander regte, mag TomTom die Lisensie onmiddellik beëindig as u wesenlik versuim om enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes na te kom. In só 'n geval moet u enige TomTom-inhoud of TomTom-knoppie in u besit teruggee of vernietig.

## 4) Toestemming om die TomTom-inhoudsdienste en Gebruikersontwikkelde Inhoud te gebruik

a) TomTom verleen aan u toestemming vir toegang tot en gebruik van die TomTom-inhouddienste en om die Gebruikersontwikkelde Inhoud vir persoonlike en privaatdoeleindes alleenlik Op te laai, te Gebruik en te Verander en aan TomTom kopieë van sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud te verskaf deur enige tegnologie of middel wat deur TomTom deur die TomTom-inhouddienste beskikbaar gestel is, alles in ooreenstemming met hierdie Bepalings en Voorwaardes. U mag nie toegang tot die TomTom-inhouddienste verkry en dit gebruik nie, en ook nie Gebruikersontwikkelde Inhoud vir advertensie-, reklame-, bemarking- of ander kommersiële en/of verkoopsdoeleindes Gebruik, Oplaai of Verander nie.

b) Indien TomTom-inhouddienste aan u 'n TomTom-knoppie gee wat u toelaat om Gebruikersontwikkelde Inhoud na u eie webwerf Op te laai, mag u die TomTom-knoppie slegs op u webwerf vertoon. Die TomTom-knoppie moet op sy eie verskyn, met 'n minimale tussenruimte van vyf (5) pixels tussen elke kant van die TomTom-knoppie en ander grafiese of tekstuele elemente op u webwerf. U is nie daarop geregtig om enige element van die TomTom-knoppie te verwyder, te verdraai of te verander nie (insluitende die html-kode, enige ander programmatuurkode, handelsmerk- of ander eiendomsregkennisgewings) of andersins die grootte of voorkoms van die TomTom-knoppie op enige wyse te verander nie.

c) TomTom-inhouddiens sluit nie die verskaffing van enige ondersteuning of tegniese hulp met betrekking tot die gebruik en onderhoud van die TomTom-inhouddiens of Gebruikersontwikkelde Inhoud in nie.

d) TomTom mag, na eie goeddunke, gebruikstatistiek wat met die Gebruikersontwikkelde Inhoud verband hou, versamel en verwerk om sy produkte en/of dienste te verbeter.

e) TomTom behou die reg voor om met of sonder kennisgewing die TomTom-inhouddienste te beëindig, te beperk of te verander.

## 5) Toestemming om Gebruikersontwikkelde Inhoud wat via 'n TomTom-knoppie aangebied word, te gebruik

a) In teenstelling met Klousule 4.a, indien Gebruikersontwikkelde Inhoud via 'n TomTom-knoppie aan u gebied word, verleen TomTom slegs toestemming dat u sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud mag gebruik, maar dit nie mag verander of oplaai nie.

b) In teenstelling met Klousules 11.c en 11.d, indien u enige Gebruikersontwikkelde Inhoud

via 'n TomTom-knoppie oplaai, verleen u slegs aan TomTom die reg om sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud op te laai en te gebruik, en om skakels daarheen te vertoon ten einde gebruikers in staat te stel om sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud te Gebruik sonder om aan sulke gebruikers die reg te verskaf om die Gebruikersontwikkelde Inhoud te Verander of Op te laai.

**6) Kommersiële gebruik van die TomTom-knoppie en Gebruikersontwikkelde Inhoud**

a) In afwyking van Klousules 3.a en 4.a, mag u toegang tot die TomTom-knoppie verkry en dit gebruik en Gebruikersontwikkelde Inhoud deur die TomTom-knoppie vir kommersiële doeleindes na u webwerf Oplaai op voorwaarde dat u nie, direk of indirek, enige derdeparty belas of enige kommersiële of ander beperking of voorwaarde oplê wat sal verhoed dat só 'n derdeparty die Gebruikersontwikkelde Inhoud ooreenkomstig hierdie Bepalings en Voorwaardes kan Gebruik nie.

b) Indien u toegang verkry tot die TomTom-knoppie en dit gebruik en Gebruikersontwikkelde Inhoud Oplaai soos aangedui in bogenoemde Klousule 6.a, sal u:

i. op u webwerf 'n ontkenning insluit wat behels dat (i) tot die maksimale omvang toelaatbaar deur toepaslike reg, TomTom alle waarborge, pligte en voorwaardes ontken, hetsy uitdruklik, stilswyend of statutêr, insluitend, maar nie beperk tot, enige (as daar is) waarborge, pligte of voorwaardes van voldoende gehalte, van geskiktheid vir 'n besondere doel, van betroubaarheid of beskikbaarheid, van akkuraatheid of volledigheid van replieke, van resultate, van vakmanskap, van gebrek aan virusse, van oortreding van derdeparty-regte en van redelike sorg en vaardigheid nie, alles met betrekking tot die TomTom-knoppie of Gebruikersontwikkelde Inhoud, (ii) TomTom sal geen plig dra om u of enige gebruikers te voorsien van ondersteuning en tegniese hulp met betrekking tot die gebruik en onderhoud van die TomTom-knoppie of Gebruikersontwikkelde Inhoud nie, en (iii) TomTom sal nie aanspreeklik wees aan u, die gebruiker of enige ander party vir enige direkte, indirekte, bykomstige, voortvloeiende of ander skadevergoeding voortspruitend uit die toepaslike Gebruik of Oplaaiing van die TomTom-knoppie of die Gebruikersontwikkelde Inhoud nie.

ii. TomTom vrywaar, verdedig en skadeloos hou van en teen enige eise, regsprosesse, verliese, skadevergoeding, verantwoordelikhede, kostes, en uitgawes (insluitend redelike prokureursgelde) gebring deur derdepartye voortspruitend uit of verwant aan (i) enige versuim deur u om enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes uit te voer of daaraan te voldoen, (ii) die Gebruik of Oplaai, soos toepasbaar, van die TomTom-knoppie of Gebruikersontwikkelde Inhoud, (iii) enige voorstellings, waarborge, garansies, of ander geskrewe of mondelike verklarings deur u gemaak betreffende die TomTom-knoppie of Gebruikersontwikkelde Inhoud, anders as wat skriftelik deur TomTom gemagtig is, (iv) enige bewering dat die Gebruikersontwikkelde Inhoud enige intellektuele eiendom gehou deur 'n derdeparty oortree.

iii. die TomTom-knoppie slegs in ooreenkoms met die TomTom handelsmerkriglyne, indien beskikbaar, gebruik.

7) **Algemene Beperkings**

a) Die verhuring, uitleen, openbare vertoning, uitbeelding of uitsaai of enige ander soort verspreiding van die TomTom-inhouddienste, TomTom-inhoud of (Veranderde) Gebruikersontwikkelde Inhoud is verbode. Buiten soos deur toepaslike wetgewing toegelaat of soos uitdruklik deur TomTom deur die TomTom-inhouddienste deur enige tegnologie of middel toegestaan is, sal u nie, en sal u nie enige ander persoon toelaat om die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud of Gebruikersontwikkelde Inhoud of enige gedeelte daarvan, te wysig, te vervorm of te verander, dit te ontleed deur middel van teruggeniëring, om die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud of Gebruikersontwikkelde Inhoud of enige gedeelte daarvan te onkompileer of uitmekaar te haal, om enkriptering te ontleed of te ontduik of

derdepartye toelaat of bemagtig om dit te doen nie.

b) U mag nie enige geoutomatiseerde stelsel gebruik of loods nie, insluitend, maar nie beperk tot, “robots” en “spinnekoppe” nie wat toegang tot die TomTom-inhouddienste verkry op ’n wyse wat meer boodskappe of versoeke aan die TomTom-bedieners stuur as wat van enige gewone, privaatgebruiker van die TomTom-inhouddienste geredelik verwag kan word om in ’n soortgelyke tyd op te lewer deur ’n konvensionele stelsel te gebruik nie.

c) Deur toegang tot of gebruik van die TomTom-inhouddienste, stem u ooreen om u te weerhou van enige onbehoorlike gedrag, insluitend:

  iv. die poging om sonder toestemming toegang tot ’n ander gebruiker se rekening, rekenaars of netwerke te verkry of om dit te ontwrig .
  v. die verkryging van of poging om enige data te verkry deur enige middel van die TomTom-inhouddiens, behalwe as TomTom bedoel om sulke data te verskaf of dit aan u beskikbaar stel;
  vi. die debitering, direk of indirek, van enige derdeparty vir die gebruik van die TomTom-inhouddienste;
  vii. die tentoonstelling van ’n TomTom-knoppie, as daar is, op ’n wyse wat ’n verhouding of affiliasie met, borgskap deur, of onderskrywing van die Gebruikersontwikkelde Inhoud deur TomTom impliseer, wat misleidend, beledigend, onwettig, skadelik, bedrieglik, misbruikend, lasterlik, liederlik, vulgêr, haatlik is, wat enige derdepartyregte oortree, andersins onwettig is, of skade aan TomTom se intellektuele eiendomsregte berokken;
  viii. die beraming of spieëlberging van enige TomTom-webwerf of TomTom - TUISBLAD op u webwerf, insluitend maar nie beperk tot die bladsy wat verskyn in reaksie op ’n kliek op die TomTom-knoppie nie;
  ix. die gebruikmaking van die TomTom-inhouddienste op ’n onwettige wyse of teenstrydig met enige van hierdie Bepalings en Voorwaardes;
  x. die skepping van ’n valse identiteit met die bedoeling om andere te mislei;
  xi. die oortreding van enige gedragskode of ander (handelsmerk-) riglyne wat op die TomTom-inhouddienste toepaslik mag wees;
  xii. die gebruikmaking van (enige deel van) die TomTom-inhouddienste om te maai of andersins inligting, insluitende e-posadresse of persoonlike data, oor derdepartye in te samel.

**8) Oplaai van Gebruikersontwikkelde Inhoud**

a) Buiten die algemene bepalings en beperkings in bogenoemde Klousules 6 en 7, mag u nie enige Gebruikersontwikkelde Inhoud Oplaai wat:

  i. beledigend, dreigend, onwettig, skadelik, bedrieglik, misbruikend, beledigend, lasterlik, liederlik, vulgêr, haatlik is, wat enige derdepartyregte oortree of andersins onwettig is nie;
  ii. onwettige aktiwiteite of gedrag bevorder wat beledigend, bedreigend, skadelik, bedrieglik, misbruikend, lasterlik, liederlik, vulgêr of haatlik is, wat enige derdepartyregte oortree of andersins onwettig is nie;
  iii. inligting bevorder wat u weet vals of misleidend is nie;
  iv. skadelik vir TomTom se besigheid (mag) wees nie, soos, maar nie beperk nie tot, Gebruikersontwikkelde Inhoud ten opsigte van kaarte of veiligheids- (kamera) inligting;
  v. beskerm word deur kopiereg, handelsgeheim of onderhewig is aan enige ander derdeparty intellektuele eiendomsregte of privaatheidsregte nie behalwe as u die eienaar van sulke regte is of u die uitdruklike toestemming van die wetlike eienaar het om die Gebruikersontwikkelde Inhoud Op te laai en aan TomTom en enige ander gebruikers van die TomTom-inhouddienste al die regte hierin vervat, toe te ken;
  vi. persoonlike data soos telefoonnommers, huis- of e-posadresse, name of vanne voorsien nie tensy met die uitdruklike toestemming van die onderwerp van sulke

persoonlike data;

vii. die oordrag van ongevraagde massapos, spam of gemorspos behels nie;

viii. beperkte of slegs-wagwoord-toeganklike bladsye of geheime bladsye of beelde bevat nie.

ix. kommersiële aktiwiteite of verkoping behels nie , behalwe soos uitdruklik voorsien in hierdie Bepalings en Voorwaardes of met TomTom se voorafgaande skriftelike toestemming;

x. die versending van of andersins beskikbaarstelling van enige materiaal betrek nie wat virusse, Trojaanse perde, wurms, tydsbomme, of enige ander soortgelyke programmatuur wat die werking van TomTom se bedieners, rekenaars of netwerke of ’n gebruiker se rekening, rekenaars, netwerke of TomTom-toestel kan beskadig .

**9) Derdeparty-materiale**

TomTom mag gebruik maak van derdeparty programmatuurkodes, data, inligting funksionaliteit, ander inhoud en algoritmes (“**Derdeparty-materiale**”) in sy TomTom-inhouddienste en TomTom-inhoud. Die gebruik van Derdeparty-materiaal wat by die TomTom-inhouddienste en TomTom-inhoud ingesluit is, mag onderhewig wees aan ander bepalings en voorwaardes. Die amptelike kopieregkennisgewings en spesifieke lisensievoorwaardes van hierdie Derdeparty-materiale kan gevind word op of via ons webwerf http://www.tomtom.com/legal. U stem hiermee in dat u gebruik van die TomTom-inhouddienste impliseer dat u die bepalings en voorwaardes vir enige Derdeparty-materiale wat ingesluit is by die TomTom-inhouddienste of TomTom-inhoud, as daar is, gelees en aanvaar het .

**10) Toegang tot die TomTom-inhouddienste**

a) Om toegang tot sommige van die funksies van die TomTom-inhouddienste te verkry of dit te gebruik, mag u gevra word om by TomTom te registreer of om ’n MyTomTom-rekening te skep.

b) U is verantwoordelik en aanspreeklik vir enige aktiwiteit wat op u rekening plaasvind. U is verantwoordelik vir u eie gebruikersnaam en aktiwiteite verbonde daaraan. U behoort nie u wagwoord met enige derdeparty te deel nie en u behoort nie andere reg van toegang tot of gebruik van TomTom-inhouddienste namens u te gun nie.

c) U moet TomTom onmiddellik in kennis stel indien u bewus word van enige toegang tot of gebruik van die TomTom-inhouddienste deur derdepartye op u rekening wat u nie gemagtig het nie of enige ander moontlike sekuriteitsoortredings ten opsigte van die TomTom-inhouddienste.

**11) Eiendomsregte**

a) Kopiereg en ander intellektuele, industriële en/of eiendomsregte van die TomTom-inhouddienste, insluitende die TomTom-knoppie, en die TomTom-inhoud, tot enige ander handelsmerke, grafika, beeldmerke of name daarin bevat, en aan enige kopieë daarvan is die eiendom van TomTom en/of sy verskaffers. Alle regte wat nie spesifiek in hierdie Bepalings en Voorwaardes toegestaan is nie, word deur TomTom voorbehou. U mag nie TomTom-inhoud of ’n TomTom-knoppie kopieer, aflaai, oplaai, versprei, uitsend of op enige ander wyse namaak nie, behalwe om een kopie slegs vir rugsteun- of argiefdoeleindes te skep. U verkry nie eienaarskap van die TomTom-inhoud of TomTom-knoppie nie.

b) TomTom maak nie aanspraak op enige eienaarskap van die Gebruikersontwikkelde Inhoud nie. U bevestig en waarborg dat u die nodige lisensies, regte, toestemmings, en goedkeurings besit of daaroor beskik om die Gebruikersontwikkelde Inhoud Op te laai en om aan TomTom alle regte toe te ken soos in hierdie Bepalings en Voorwaardes vervat, insluitend die reg om aan ander gebruikers van die TomTom-inhouddienste toestemming te verleen om sulke (Veranderde) Gebruikersontwikkelde Inhoud in ooreenstemming met hierdie Bepalings en Voorwaardes te Gebruik en te Verander en Op te laai.

c) Deur enige Gebruikersontwikkelde Inhoud Op te laai, sal u alle regte wat u daarin mag hê, behou, maar u ken hiermee aan TomTom ’n wêreldwye, ewige, onherroeplike, nie-eksklusiewe, tantiem-vrye, oordraagbare lisensie toe om sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud of skakels in enige vorm en deur enige media te Gebruik, Op te laai, te Verander, te versprei, te onder-lisensieer, te teruggenieer, te onkompileer of uitmekaar te haal en te vertoon.

d) Hiermee ken u aan TomTom die reg toe om toestemming te verleen aan ander gebruikers van die TomTom-inhouddienste om enige (Veranderde) Gebruikersontwikkelde Inhoud wat u deur die TomTom-inhouddienste ooreenkomstig hierdie Bepalings en Voorwaardes mag Oplaai, te Gebruik en te Verander en Op te laai.

**12) Misbruik- en Verwyderingsbeleid**

a) U alleen is verantwoordelik vir enige Gebruikersontwikkelde Inhoud wat u Oplaai en vir u interaksie met enige derdeparty deur die TomTom-inhouddienste. Wanneer TomTom in kennis gestel word dat enige Gebruikersontwikkelde Inhoud enige gedeelte van Klousule 8a of enige ander gedeelte van hierdie Bepalings en Voorwaardes mag skend, of op enige derdeparty-reg inbraak mag maak, mag TomTom sonder voorafgaande kennisgewing sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud verwyder. TomTom mag u toegang tot en gebruik van die TomTom-inhoudsdienste beëindig vir die Oplaai van sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud.

b) TomTom aanvaar geen verantwoordelikheid vir monitering van enige van die TomTom-inhouddienste of Gebruikersontwikkelde Inhoud nie.

c) As u bewus word van enige misbruik van die TomTom-inhouddienste deur enige gebruiker van die TomTom-inhouddienste, rapporteer asseblief sulke misbruik aan TomTom deur op die knoppie te kliek wat TomTom vir daardie doel op enige gegewe TomTom-webwerf verskaf .

## 13) Waarborg Ontkenning

a) TomTom waarborg nie en kan nie waarborg nie dat die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of enige funksionaliteite deur derdepartye deur die TomTom-inhouddienste verskaf op ’n wyse werk wat heeltemal foutloos is nie, dat enige inligting wat verskaf is altyd akkuraat is of dat enige derdeparty-funksionaliteite altyd beskikbaar of werkend sal wees. Berekeningsfoute mag voorkom gedurende die Gebruik, Oplaaiing of Verandering, soos toepaslik, van TomTom-inhouddienste, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of derdeparty-funksionaliteite in ’n navigasiesteksel soos dié veroorsaak deur plaaslike omgewingstoestande en/of onvolledige of verkeerde data.

b) TomTom verskaf of stel die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud en enige ander derdeparty-funksionaliteite “VOETSTOETS EN MET ALLE FOUTE” beskikbaar en ontken hiermee alle ander waarborge, pligte en voorwaardes, hetsy uitdruklik, stilswyend of statutêr, insluitend, maar nie beperk nie tot enige (as daar is) waarborge, pligte of voorwaardes van voldoende gehalte, van geskiktheid vir ’n besondere doel, van betroubaarheid of beskikbaarheid, van akkuraatheid of volledigheid van replieke, van resultate, van vakmanskap, van gebrek aan virusse, en van redelike sorg en vaardigheid, alles ten opsigte van die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of derdeparty-funksionaliteite. Dieselfde ontkenning van waarborge, pligte of voorwaardes geld vir die voorsiening van of gebrek aan voorsiening van ondersteuning of ander dienste, inligting, programmatuur, en toepaslike inhoud deur die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of derdeparty-funksionaliteite of wat andersins ontstaan uit u toegang tot of Gebruik, Oplaai of Verandering, soos toepaslik, van die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of derdeparty-funksionaliteite. Daarbenewens is daar geen waarborg of voorwaarde van stille genot, stille besit, of nie-

inbreuk ten opsigte van die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of derdeparty-funksionaliteite verskaf deur die TomTom-inhouddienste nie.

c) TomTom mag afhanklik wees van derdepartye vir die verskaffing van sommige van (’n gedeelte van) die TomTom-inhouddienste soos wanneer die TomTom-inhouddiens die voorsiening van derdeparty-funksionaliteite behels. TomTom waarborg nie en kan nie waarborg nie dat sulke derdeparty-funksionaliteite aanhoudend te alle tye aan u beskikbaar sal wees nie en sal geregtig wees om sulke derdeparty-funksionaliteite te staak wanneer daar nie meer redelik van TomTom vereis kan word om dit te doen sonder dat daar ’n plig is om hoegenaamd enige vergoeding met betrekking daartoe te betaal nie.

**14) Aanspreeklikheid**

a) TomTom onderskryf geen Gebruikersontwikkelde Inhoud of enige mening, aanbeveling, of advies daarin uitgedruk nie, en TomTom ontken uitdruklik enige en alle aanspreeklikheid in verband met u toegang tot en gebruik van sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud.

b) Tot die maksimale omvang toelaatbaar deur die toepaslike reg, sal nóg TomTom nóg sy verskaffers of subkontrakteurs aanspreeklik wees aan u of enige derdeparty vir enige skadevergoeding, hetsy direk, indirek, bykomstig, voortvloeiend of andersins (insluitend in elke geval, maar nie beperk nie tot, skadevergoeding vir die onvermoë om toegang te verkry tot die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of enige funksionaliteit deur die TomTom-inhouddienste deur derdepartye verskaf of om dit, soos toepaslik, te Gebruik, Op te Laai of te Verander, verlies van data, verlies van besigheid, verlies van winste, besigheidsonderbreking of iets soortgelyks) afkomstig van die gebruik of onvermoë van gebruik van die TomTom-inhouddienste, TomTom-knoppie, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of enige funksionaliteit deur die TomTom-inhouddienste deur derdepartye verskaf of enige ongemagtigde toegang tot u rekening, selfs al is TomTom van die moontlikheid van sulke skadevergoeding in kennis gestel.

c) TomTom sal nie aanspreeklik wees vir (i) enige bedrog deur sy werknemers, agente en/of gebruikers van die TomTom-inhouddienste nie; of (ii) enige bedrieglike wanvoorstelling deur sy werknemers, agente en/of gebruikers van die TomTom-inhouddienste nie.

d) Nieteenstaande die voorafgaande of enigiets anders in hierdie Bepalings en Voorwaardes bevat, sal niks in hierdie Bepalings en Voorwaardes enige party se aanspreeklikheid beperk vir ’n sterfgeval of persoonlike besering as gevolg van sy eie nalatigheid nie

e) Die bogenoemde beperking van aanspreeklikheid tas nie enige wetlike regte onder die toepaslike nasionale wetgewing aan nie.

**15) Fooie**

Toegang tot die TomTom-inhouddienste word gratis deur TomTom aan u aangebied. TomTom behou die reg voor om te eniger tyd van die gratis aanbieding van die TomTom-inhouddienste af te wyk of dit te beëindig. TomTom sal u in kennis stel as ’n TomTom-inhouddiens in die toekoms teen ’n fooi aangebied word. In só ’n geval mag u verkies om voort te gaan met u gebruik van die TomTom-inhouddienste teen só ’n fooi of om u gebruik van die TomTom-inhouddienste te staak.

**16) Force Majeure**

Force majeure beteken omstandighede wat die nakoming van TomTom se pligte onder hierdie Bepalings en Voorwaardes belemmer wat nie onder TomTom se redelike beheer is nie, insluitend laat of agterstallige aflewerings en onvolledige aflewerings deur TomTom, veroorsaak deur omstandighede wat buite TomTom se redelike beheer is. In ’n force majeure-situasie sal al TomTom se pligte opgeskort word. Sou die periode waarin TomTom ingevolge force majeure nie sy pligte kan nakom nie langer as negentig (90) kalenderdae voortduur, sal TomTom geregtig wees om die ooreenkoms vir TomTom-

inhouddienste te ontbind sonder dat daar 'n verpligting ontstaan om enige vergoeding hoegenaamd te betaal, voortvloeiend of in verband met daardie ontbinding.

**17) Privaatheid**

a) TomTom sal nie inligting rakende u persoonlike besonderhede, rekening of transaksies aan enige derdeparty anders as in ooreenstemming met sy Privaatheidsbeleid soos aangetoon op die webwerf http://www.tomtom.com/legal, bekendmaak nie. U stem hiermee in dat u die u Privaatheidsbeleid gelees en aanvaar het.

b) Wees asseblief bewus daarvan dat TomTom nie u Gebruikersontwikkelde Inhoud monitor nie sodat enige persoonlike inligting wat u onopsetlik as deel van sulke Gebruikersontwikkelde Inhoud mag Oplaai vir ander gebruikers van die TomTom-inhouddienste sigbaar sal wees.

**18) Skakels na Derdeparty-webwerwe**

TomTom is nie verantwoordelik vir die inhoud van enige derdeparty-webwerwe, -dienste of -funksionaliteite, enige skakels ingesluit op derdeparty-webwerwe of -dienste, of enige veranderings of opgraderings van derdeparty-webwerwe of -dienste nie. Waar TomTom skakels verskaf en/of toegang tot derdeparty-webwerwe, -dienste en/of -funksionaliteite verskaf, is dit bloot geriefshalwe aan u, en die insluiting van enige skakel of toegang daartoe beteken nie 'n onderskrywing deur TomTom van die derdeparty-werf, -diens of -funksionaliteit nie.

**19) Derdeparty-regte**

Derdepartye het geen regte onder toepaslike wetgewing met betrekking tot die regte van derdepartye om op enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes te steun of dit af te dwing maar dit tas nie enige reg of regsmiddel van 'n derdeparty aan wat bestaan of apart van sulke toepaslike wetgewing beskikbaar is nie.

**20) Oorlewing**

Enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes wat deur die aard daarvan die beëindiging van die ooreenkoms oorleef, sal van krag bly.

**21) Deelbaarheid**

As enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes geag word as nietig, ongeldig, onafdwingbaar, of onwettig, sal die ander bepalings in volle mag en effek voortduur. U en TomTom word geag as in ooreenstemming met betrekking tot die nuwe bepalings en voorwaardes in vervanging van sulke ongeldige bepalings. Die nuwe bepalings en voorwaardes sal, met betrekking tot inhoud en effek, so na moontlik aan die oorspronklike teks soos geskryf is, vertolk word, maar op só 'n wyse dat regte wel daaruit afgelei kan word.

**22) Regerende wet**

Hierdie Bepalings en Voorwaardes en enige dispuut in verband met hierdie Bepalings en Voorwaardes of met die gebruik van die TomTom-inhouddienste, TomTom-inhoud, Gebruikersontwikkelde Inhoud of dergelike is onderhewig aan die wette van die plek waar u wetlike domisilie het, of waar u woon. Die Verenigde Nasies se Konvensie op Kontrakte vir die Internasionale Verkoop van Goedere word hierdeur uitgesluit van toepassing op hierdie Bepalings en Voorwaardes. Alle dispute afkomstig van hierdie Bepalings en Voorwaardes sal geskik word deur die howe van die plekke van u wetlike domisilie of waar u woon, watter howe eksklusiewe jurisdiksie sal hê met betrekking tot sulke dispute.

November 2007-weergawe